LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

22-05-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 18 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **WILDSFEES:**

Vanjaar se Wildsfees vind plaas op Saterdag, 3 Junie 2017 te Laer Volkskool se rugbyveld. Koste beloop R250 per volwassene en Hoërskool leerders en R125 per laerskoolkind. Kom kuier lekker saam vir die aand! Daar gaan 'n heerlike spitbraai en dans wees met musiek en vir die wildsliefhebbers is daar 'n wildsproe-tafel. Daar sal ook rou wildsbraaiwors en -droë wors te koop wees. Vir enige navrae, kontak vir Heléne by 0163416216.

Jagpakkette: Kaartjies @ R50 elk.
1ste prys - Gemsbok; 2de prys - Waterbok; 3de prys - Swartwildebees of 2 Springbokke. Elke leerder het reeds die jagpakketlys ontvang wat moet terug wees voor of op 1 Junie 2017 om in aanmerking te kom vir trekking. Daar is pryse vir die kind wat die meeste kaartjies verkoop: 1ste - R1000, 2de - R500 en 3de - R300. Die klas wat die meeste verkoop kry ook 'n verrassing.

2 **NETBAL**:

Spelers ontvang briewe vir die wedstryde.

- **LIGA-WEDSTRYDE**:

23 Mei	Risiville	Weg

3 **MINI-NETBAL EN BULLETJIE RUGBY:**

WEDSTRYDDATUMS:

Saterdag, 27 Mei net Bulletjie-rugby	Vryheidsmonument (weg)

4 **RUGBY:**

Spelers ontvang briewe vir die wedstryde.

- **LIGADATUMS**:

23 Mei	Vryheidsmonument	Tuis
1 Junie	Emfulenipark	Tuis
8 Junie	Fonteine	Tuis

5 **LANDLOOP OEFENING:**

Hierdie week is daar Maandag, Dinsdag en Woensdag oefening by Juf Anet. Vir enige navrae kontak haar by 0827721728.

6 **STUDIEMETODE KLASSE:**

Die studiemetode klasse word weer hierdie kwartaal aangebied vir GRAAD 4. Elke klas is belangrik, aangesien klasse soos 'n kursus opmekaar volg. Dieselfde studiemetodes word weer aangebied soos 1ste kwartaal, net met die nuwe leerstof. Jy benodig asb weer: "Highlighters", kleurpenne, opsommingsboek/papier.
Datums is as volg: Woensdae, 24 Mei; 31 Mei vanaf 16:00 - 17:00.

7 **SNOEPIE**:

- Tydens Bulletjie rugby oefening sal die snoepie oop wees en koffie verkoop asook burgers teen R20.
- Snoepie sal Woensdag Pizza verkoop en Vrydag Jantjies @ R10. Let asb daarop dat kinders die bestelling reg plaas.

8 **KOOR**:

Die Seniorkoor se program vir die 2de kwartaal:
Oefentye vind plaas soos volg:

Woensdag, 24 Mei 14:00 - 15:45
Woensdag, 31 Mei - gewone tyd
Woensdag, 7 Junie - GEEN OEF
Woensdag, 14 Junie - GEEN OEF
Woensdag, 21 Junie - GEEN OEF
Woensdag, 28 Junie - gewone tyd

Die Juniorkoor:

Maandae - 14:00 - 14:50	Vrydag, 19 Mei - Middag optrede by AG Visser

9 **25 MEI: HEMELVAART**:

Donderdag, 25 Mei, sal die hele skool weer 'n erediens by die Klipkerk bywoon om 10:00. Ouers is ook welkom. Hierdie is wel 'n normale skooldag, maar daar sal geen formele onderrig of sportoefening wees op dié dag nie. **Skool verdaag om 12:00. Daar sal wel toesig wees vir leerders tot 13:45.**

10 **DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:**

Die Departement van Gesondheid gaan die skool se Gr R'e en Gr 1's besoek. Daar word na hulle oë, ore en kliniekkaarte gekyk. Bring asb. kliniekkaarte saam skooltoe. Toestemmingsbriewe moet ingevul en teruggestuur word na die klasonderwysers.

'n Nood masels uitbreek veldtog is geloots vir alle kinders van 6-59 maande. Ouers van die Graad RR'e moet asseblief die toestemmingsvorms volledig invul en terug stuur aan die klasregister so vinnig as moontlik. Die immunisasie sal voor 26 Mei by die skool plaasvind.

11 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Die Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 7-19 Augustus by Heidelberg Public School. Afdelings sluit in: Musiek (instrumente); Dans; Spraak en drama; Visuele kuns; Modelwerk en Kreatiewe skryfkuns.
Inskrywingsvorms en nodige gedigte sal beskikbaar wees vanaf Woensdag, 10 Mei.
Sluitingsdatum vir al die inskrywings is Vrydag, 23 Junie.

GEEN LAAT INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD NIE.

'n Volledige inskrywingsvorm met die korrekte geld aangeheg in 'n toegeseëlde koevert kan ingehandig word by die kantoor. Gelde sonder 'n inskrywingsvorm word glad nie aanvaar nie en moet asb nie die gelde in die Volkskool rekening oorbetaal nie, dit word slegs aan Heidelberg Eisteddfod betaal. Gelde kan oorbetaal word in die Eisteddfod rekening.

Heg asb. bewys van betaling aan inskrywingsvorm.
Kostes: Solo - R80; Duo - R120; Klein groep - R150; Groot groep - R200.
Bankbesonderhede: Naam: Heidelberg Eisteddfod; Rek. nr: 335893724; Bank: StandardBank Heidelberg (051001); Verwysing: Leerder se naam (LVS)

Kunstema vir Heidelberg Eisteddfod is hierdie jaar "blou". Kuns word gedoen op A3 (geen montering) met enige kunsmedium. Skryf ook asb jou naam+graad+skool agterop met jou kunsprent se "naam". Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 4 Augustus by Juf Helanie of Lizelle.

12 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD**:
Suikerbosrand tye en datums is laasweek uitgegee, indien daar nie 'n briefie ontvang is nie, laat weet asb vir Juf Lizelle (Graad R-3) of Juf Helanie (Gr 4-7). Wanneer kinders klaar deelgeneem het, moet die bewyse (sertifikaat en ripliek) vir Juf Lizelle (Gr R-3 en Juf Helanie (Gr 4-7) getoon word om nodige kultuurpunte te kan verdien.

13 **VOORTREKKERS:**
Suikerbos kommando gaan die Hemelvaartdiens op Donderdag 25 Mei bywoon in hul Formele Voortrekkerdrag. (Lang denim, tekkies, blou voortrekkerhemp, onderbaadjie en korrekte warm baadjie). Vir meer inligting kontak julle spanoffisiere.

14 **SKAAK**:
- Baie geluk aan die spelers wat aan die D7 kampioenskappe deelgeneem het. Ons is baie trots op julle!
- Baie geluk aan die volgende leerders wat deurgaan na die Gauteng Individuele skaak kampioenskappe: Lisa-Marie de Villiers; Zahné Coetzee; Dominique De Sousa Jardim & Stefan Schonken.
- Daar sal geen oefening Vrydagaand by die Skaakklub wees nie a.g.v Gauteng Individuele skaak. Volgende Skaakklub is 2 Junie om 18:00 by Hoër Volkskool.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF